

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen om aan te hou om sondes te doen en om in sonde voort te leef. Wanneer gelowiges sonde doen, moet hulle aan hulle doop dink. Die doop wys dat dit vir gelowiges onmoontlik is om in sonde voort te leef, al doen hulle nog sondes. Die Here het ons lewe 'n lewe van diensbare liefde gemaak wat God vir Homself reg laat wees. Ons is nie besig om ons lewe vir God reg te maak deur ingestel te wees om al minder en minder sondes te doen nie. Ons is ingestel op diensbare liefde en só is dit onmoontlik om in sonde voort te leef al doen ons nog sondes.

Skriflesing Romeine 6: 1 – 15, 8: 37 – 39, 12: 1 – 2.

Teks Rom. 6: 3 “Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus gedoop is nie, in sy dood ingedoop is nie.?”

Tema Christus bind ons in en fokus ons op diensbare liefde

1. Waaraan dink ons, wanneer ons 'n sonde gedoen het of 'n sondige neiging beleef het? Gewoonlik is ons eerste reaksie om na die tyd nie daaraan te dink nie en dit te ignoreer asof dit nie gebeur het nie. Wanneer ons dit nie kan onderdruk of ontken nie, is ons eerste reaksie dan om te dink aan hoe gaan ek dit regmaak, die skade voorkom deur dit of te regverdig of reg te stel!

In Rom. 6 doen Paulus totaal iets anders! Hy wys dat wanneer jy 'n sonde gedoen het of 'n neiging beleef het, om eerste aan jou doop te dink! Dit is jou doop met water in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Dit is Paulus se antwoord op die beskuldiging van die Jode teen die Christene dat die enigste rede hoekom hulle in Jesus as die Christus glo, is sodat hulle kan voortleef in hulle sonde. Met voortleef in die sonde word bedoel om in die sonde wat jy gedoen het te bly lewe. Daarom klink die volle omvang van hierdie beskuldiging só: omdat jy aanhou om sondes te doen en sondige neigings te beleef, glo jy in Jesus omdat jy kan aanhou om hierdie sondes te doen!”

Aan Christene wat voel hierdie beskuldiging is waar, dit is hoekom hulle in Jesus glo en hoe hulle leef, wys Paulus waaraan moet hulle dink wanneer hulle 'n sonde gedoen het of 'n sondige neiging beleef het – hulle moet aan hulle doop met water dink! Want hulle doop wys hulle dat om aan te hou om sondes te doen, is iets anders as om in sonde voort te leef. In die doop moet hulle weer ontdek na hulle 'n sonde gedoen het, dat Christus hulle só verander het, dat dit onmoontlik is om in sonde voort te leef, al doen hulle nog sondes!

2. Ons doop wys vir ons dit is vir ons onmoontlik om in die sonde voort te leef al doen ons sondes. Die doop wys vir die verskil tussen a. 'n leefwyse waar jy jouself gee tot beskikking van God, jou liggaam tot beskikking stel aan God as lewende en heilige offer (Rom. 6: 13, 12: 1, 2) en 'n leefwyse waarin jy jouself vir God se liefde regmaak omdat jy jou sondes regmaak en regkry. (Rom. 10: 1 -3)

Dit was die verskil tussen die lewenswyse van Christene en Jode en dit sal altyd die verskil tussen Christene en die spiritualiteite van hierdie wêreld wees.

Christus bind ons in en fokus ons op diensbare liefde

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig: tuintjie maak of boer! Mense wat mooi tuintjies om hul huise maak sorg altyd daar daar geen onkruid in hul gras of blombeddings is nie. Elke onkruid wat opkom word dadelik uitgetrek en doodgemaak. In tuintjies fokus mense om beddings en gras sonder onkruid te hê. En dan kry jy boere! Hulle fokus in die lewe is om kos te produseer. Hulle is glad nie op onkruid gefokus nie. Onkruid kry aandag net in soverre dit die dra van vrugte benadeel, maar word nooit die fokus nie.

Ons doop wys ons dat God in Christus verander het van mense wat mooi sondelose tuintjies maak na mense na mense wat boere is: wat diensbaar aan God en hul naaste in hul lewe kos produseer. Dit is wat ons doop ons wys: ons is vrygemaak van sonde (Rom. 6:7) en is vir god lewend diensbaar in en deur ons lewe met Christus. (Rom. 6: 8 en 11)

Die doop wys ons dat ons van die werklike krag en mag van sonde vrygemaak is soos Paulus dit in 1 Kor. 15: 56 beskryf -die krag van die sonde lê in die wet. Die krag van sonde is om mense van boere te verander na mense wat mooi tuintjies maak om só altyd besig te wees om hul sondes reg te maak, reg te stel en reg te kry.

Die Jode het gedink hul vryheid van sonde het in die wet gelê, maar Paulus noem die Tien Geboie die krag van sonde, nie vryheid van sonde nie want dit maak van boere tuiniers. Hulle los hul diensbare liefde vir 'n fokus en ingesteldheid oor sonde om dit reg te stel en jouself vir God se liefde reg te kry en reg te maak. Dit is mos presies wat met ons gebeur in ons hart en gewete wanneer ons sondes doen of sondige neigings beleef: ons wil regmaak, regstel en regkry!

Omdat jou sonde jou só op sonde laat fokus moet jy aan jou doop dink wanneer jy 'n sonde gedoen het. Jou doop wys jou Christus het jou vir God regmaak, reg gestel en jou gebroke liefde vir God reggekry – net Christus regverdig jou! (Rom. 3: 21 – 26)

Hoe doen Christus dit? Deur jou met Hom as mens in die hemel te verenig en só in te sluit en te laat deel in sy dood en opstanding: Syne is myne en myne is syne! My sonde is Syne in sy kruis, dood en begrafnis gewees en sy heiligheid en regverdigheid wat Hy vandag as mens lewe, is myne. Dit is hoe ons elke dag met Christus leef en dit is wat sy doop ons wys, ons is vrygemaak van die krag en mag van sonde. (Rom. 6: 10,11)

Christus het die ou mens wat ons was vernietig en ons kan dit nooit weer wees nie. Die ou mens is die mens wat sy eie sonde self regmaak, regstel en regkry. Ons kan nooit weer sulke mense wees nie. Dit is die ou mens wat saam met Christus aan die kruis gesterf en saam met Christus begrawe is. Ons doop wys ons ons kan nooit weer sulke mense wees nie, van ons geboorte tot en met ons dood. Ons doop met water wys ons ons kan nooit weer tuintjie mense wees wat sondes self moet regmaak, reg stel en reg kry nie – en daarom moet ons aan ons doop dink wanneer ons 'n sonde gedoen of 'n sondige neiging beleef het.

5. Ons doop wys ons ook dat Christus ons 'n nuwe lewe saam met Hom laat leef: ons en ons gebroke liefde is vir God se liefde heilig en God laat ons onskeibaar deur

Christus bind ons in en fokus ons op diensbare liefde

ons sondes binne sy liefde leef. Daarom verklaar Paulus, net soos Johannes (1 Joh. 5: 4) dat in hierdie onskeibare liefde waarin ons met God leef, is ons oor sonde meer as oorwinnaars. (Rom. 8: 37)

Hierdie lewe met Christus gee ons 'n nuwe lewensvryheid en lewensfokus: ons kan ons self vir God en ons naaste in liefdevolle diensbaarheid gee. Ons gee ons gedagtes, gevoelens, geestelike ingesteldheid en elke liggaamskrag aan God en ons naaste, en só leef ons as lewende en heilige offer: toegewy in diensbare liefde. Rom. 6: 11, 13 en 12: 1) Dit is die lewe wat Christus in ons wek en saam met ons leef en daarom moet ons aan ons doop dink wanneer ons 'n sonde gedoen het. Want dan ontdek ons dat hierdie sonde of neiging ons nooit kan vervreem ons fokus op diensbare liefde nie. Geen sonde of neiging kan ons ooit weer son verstrengel dat ons nie onself weer en aanhoudend gee en tot beskikking van diensbare liefde aan God stel nie.

Omdat ons voortleef in diensbare liefde en nooit ons eie sonde hoof reg te stel nie, is dit onmoontlik om in die sondes wat ons doen voort te leef in 'n selfbevangenskap dat ons nie reg is nie, onself moet regkry, ons liefde eers weer moet regmaak en onself eers weer vir God se liefde moet regkry.

6. Die tragiese van die Joodse geestelikheid, en alle wêreldse geestelikhede, is dat hulle met al hul geestelike ywer en toewyding in die sonde voortleef. (Rom. 10: 1 – 13)

Dit bly vir ons moeilik om raak te sien in al hulle vroomheid en geestelike bedrywigheid. Volgens ons voorbeeld is hulle die hele tyd besig om 'n mooi tuintjie te maak waarin hulle alle onkruid (sondes) dadelik uittrek. Hulle ywer is om 'n lewe sonder sondes te wil hê!

'n Mens sien eers hoe hulle só voortleef in sonde wanneer jy weet hierdie is 'n boer wat nie sy lande bewerk nie, en opgehou het om vrugte te produseer en homself deur sy ywer vir 'n onkruidlose tuintjie, homself van sy boerdery onttrek het. Altyd besig om sondes reg te maak, maar nie meer besig met jou roeping en liefdevolle diens teenoor die Here nie! Altyd besig op sondes te voorkom in 'n self geïsoleerde lewe, weg van die lewe waarvoor God jou bestem het!

Gee boere aandag aan onkruid!

Ja, maar dit is nooit die fokus van hul bedryf nie. Net so gee ons as gelowiges ook aandag aan ons sondes, maar dit nooit die fokus van ons lewe nie. Diensbare liefde is!

Is daar baie meer onkruid op plase wat vrugte produseer as in boere wat nie wil boer en net tuinmaak?

Ja, want die vrugtebedryf, word binne onkruid bedryf, nie in onkruidvrye plase nie. Net so sukkel gelowiges wat met diensbare liefde in God se wêreld leef, met baie meer sondes en sondige neigings as vromes wat in hul selfopgemaakte geestelike droomwêreld leef.

Christus bind ons in en fokus ons op diensbare liefde

Dit is die besondere van Paulus se antwoord op die Joodse beskuldiging dat hulle in Christus glo om reg te wees vir 'n lewe in diensbare liefde dat dit is hoe Christene in sonde voortleef. Hy verklaar nie 'n kompetisie van wie doen die minste of meeste sondes nie, wie het die minste of meeste neigings nie. Hy verklaar dat deur ons geloof ons onself vrymoedig diensbaar aan God kan stel, uit ons geloof Christus maak alles reg. En 'n lewe in diensbare liefde aan God, kan nooit wees hoe ons voortleef in sonde nie, al sukkel ons die hele tyd met sondes en sondige neigings.

7. Daarom met ons aan ons doop dink wanneer ons 'n sonde gedoen of 'n sondige neiging beleef het. Die doop wys ons vir God en sy liefde reg is deur Christus en daarom mag ons ons gebroke liefde as diensbare liefde aan God toewy. Ons doop met water wys ons dat ons kan nooit weer mense wees wat onself en ons liefde vir God moete regkry nie. Christus het ons vir altyd reggemaak! Die ou mens wat homself en sy liefde vir God moet regkry, is dood, weg en vernietig. Ons leef nou as nuwe mense vir God – reg vir diensbare liefde, al sukkel ons met sondes en sondige neigings!

Ons is tot beskikking van God!

Die herdoop of weerdoop is diepste versteuring van ons nuwe lewe in Christus. Mense laat hulle oordoop omdat hulle nie meer glo in wat Christus vir hulle met hul waterdoop wys nie: altyd reg vir diensbare liefde, al doen jy nog sondes en het jy nog sondige neigings!

Die oor- of weerdoop word nou mense se eie teken, nie meer Christus se teken nie. Met hulle oordoop wys hulle dat hulle hul eerste bekering gehad het. Hierdie is 'n totaal ander bekering as die bekering waarmee Christene besig is wat sukkel met hul sondes en sondige neigings. Hulle bekering is 'n nabootsing van Jesus se dood en opstanding. Hulle glo dat soos Jesus aan die kruis doodgegaan het, hulle hul eie belange, eie-lewe en eie-self doodmaak asof dit 'n opdrag van God is. Net so glo hulle dat hulle 'n nuwe leef wanneer hulle self niks meer is nie maar God alles in en deur hulle laat wees.

Die teenstelling kan nie meer duidelik wees nie! Hulle doop wys hulle het opgegee op hul lewe en hulself oorgegee om niks vir God te wees nie -sodat hy alles self in hulle moet wees. Christus se instelling van die water met doop is die teken wat ons wys dat al doen ons sondes en het ons sondige neigings, hoef, kan en mag ons nooit op die lewe waarvoor God ons as mens bestem het, op te gee nie. Christus het ons vir God se liefde reggemaak. Net so mag ons nooit onself oorgee om niks vir God te wees nie. Dit is hoe mense deur hul oordoop voortleef in hul sonde! Ons met onself aan God gee vir diensbare liefde, ons liefde, nie god se liefde deur ons nie.

Hul oordoop bevestig hulle het opgehou boer en leef voort in sonde deur tuintjie te maak.

Kom ons dink aan ons doop wanneer ons sondes doen of sondige neigings beleef en hou aan om onself toe te wy aan liefdevolle diens.